OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 12 JANUARIE 2024, OM 10:00 TE GRUNTER STR., OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Martiens Kunneke
Adriaan van Wyk
Otto Pepler
Riekie Pienaar
Bouwen Schellingerhout
Anita Swanepoel
Walter Kurten
Johan Hennop
Desmond Wolmarans
Willie Oosthuizen

1. OPENING
   Walter open die vergadering met gebed. Die vergadering sal deur die sekretaresse gelei word totdat ŉ voorsitter verkies is. Daarna sal die voorsitter voorgaan. Anita heet almal welkom.

2. VERSKONINGS
   Jaco Marx
   Marius Aucamp

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE
   Die notule van die vergadering gehou op 11 Des 2023 te Mossel str. word aanvaar en goedgekeur. Voorgestel: Martiens. Sekondant: Otto.

4. VERKIESING VAN AMPTE
   Voorsitter
   Desmond stel Riekie voor, Walter sekondeer.

   Ondervoorsitter
   Anita stel Walter voor, Adriaan sekondeer.

   Sekretaresse
   Adriaan stel Anita voor, Riekie sekondeer

   Tesourier
   Adriaan stel Martiens voor, Walter sekondeer.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

5.1 PUBLIEKE TOILET

Rochelle Ludick was einde Nov. 2023 in Oesterbaai. Kouga het onderneem om die toilet te lig en te verf. Die werk is 15/12/2023 voltooi en 2/01/ 2024 geverf. Die toilette werk. Baba en haar span is verantwoordelik vir die skoonmaak – volgens Michael Thshayitile. Hy sê daar sal slotte aangesit word. Dit lyk baie beter.

Anita het Rochelle se e-posadres aan prof. Tolmay gegee, sodat hy self ook kan probeer om die toiletgeriewe te laat verwyder voor sy huis.

6. NUWE SAKE - WERKSVERDELING

6.1 FINANSIES

Martiens sal voortgaan om die finansies te hanteer.

Hy bespreek die finansies. ( kyk notule 8 Nov. 2023, asook AJV 2023)

Walter vra dat daar op die WhatsApp-groep spesifiek gevra moet word vir donasies vir die bou van die ingangsmuur.

6.2 WATERVOORSIENING

Otto en Johan sal die portefeulje hanteer.

Elektrisiteit

ʼn Nuwe portefeulje word geskep wat deur Johan en Otto hanteer sal word.

Johan noem dat enkelfasesituasies vermy moet word. Die inskakelmeganismes/fuses en PC-borde kan nie die baie onderbrekings hanteer nie. Dit kan bydra
tot skade aan huishoudelike goedere.

6.3 OMGEWINGSAKE

Duine

Walter, Jaco en Bouwen en Marius sal die portefeulje hanteer.

Walter sê dat Christa Venter pro- Oesterbaai is. Sy laat dinge gebeur. Willie sê dat Nomvula Christa en Nomvelo se grootbaas is. Nomvelo hardloop baie rond. Walter onderneem om met Christa te praat om te hoor wat die plan met die duine is.

Walter sê die werklikheid is dat St. Francis Kouga se prioriteit is. In Oesterbaai word omtrent 8 huise bedreig, in St. Francis honderde. Ons is dankbaar vir die gespreksforum wat deur Jaco met die Munisipale bestuurder en die Stadsingenieur geskep is.

ʼn Strategievergadering word beplan vir 23 Jan 2024. Die OIV sal ʼn subkomitee stig en vooraf bepaal wat bespreek moet word. Intussen het almal ‘n geleentheid gehad om voorstelle voor te lê.
Bouwen noem dat daar in Des ‘n ‘Dune maintenance program’ was. Nomvelo en Marco was ook daar. Die gemeenskap het hulle probleme uitgelig. Oesterbaai het nie ‘n program nie. Daar is baie opvoedingswerk wat gedoen moet word, mense verstaan nie wat hulle veroorsaak nie.

Willie noem ook van satelliet foto’s waarop die skade duidelik gesien kan word, van die Sandrivier wat weggespoel het a.g.v. duine. Dit moet bestuur word.

AKSIE: Walter

Parkering
Anita en Riekie sal dit weer bestuur.

Openbare toiletgeriewe
Walter noem dat die herstel van die strandingang deel is van Kouga se groter plan vir Oesterbaai.

Riekie en Anita is bewus van ‘n brief, gedateer 19/10/2018, waarin R10 miljoen begroot gaan word vir toilette, storte, lewensredderstoring en speelfasiliteite.

Desmond sê daar moet druk op Kouga uitgeoefen word om die begroting te wys, Oesterbaai wil die inligting sien.

Die seer-oog geriewe word weer bespreek. Dit word slegs in Desembervakansies gebruik. Johan sê niemand neem eienaarskap daarvan nie, daarom word dit verniel. Dit blyk asof Baba Rollison en haar Kouga span die verantwoordelikheid kry. Adriaan sal die skakelpersoon met haar wees.

Otto noem ook van die toiletgeriewe buite die winkel. Hy voel dit kan na ‘n beter plek geskuif word, nie waar die motors parkeer nie.

Dorpsverfraaiing
Otto, Bouwen en Marius sal dit hanteer

Bouwen gaan voort met die Ingangsbord. Otto vra dat Bouwen ‘n keerdatum moet gee. Bouwen sê dit sal ongeveer 4 maande neem. Desmond sê Bouwen moet seker maak of Mark Mans nie ‘n aandeel op daardie grond het nie, sodat hy ook betrek kan word by die planne.

Willie praat weer oor die geld wat die regering beskikbaar stel aan die Co-op. (verg. 26 Jul 2023) 10 Mense van Umz kan 3x per week vir 6 maande (einde Junie) ‘n salaris verdien. Hulle kan help op die duine, staproetes, rooikrans uitkap, ens.

Bouwen stem in om dit te doen. Baba sal as toesighouer gebruik word (die werkers moet elke dag “in klok”.  Hy sal ‘n vergadering met Baba en Adriaan reël.

AKSIE: Bouwen

6.4 KOMMUNIKASIE
Riekie en Willie sal hierdie portefeulje hanteer. Willie sal ook die skakelpersoon met die media en Kouga wees, indien nodig. Walter sal ook vir Riekie instaan, indien dit nodig is.

6.5 GEMEENSKAPSAAL
Adriaan hanteer steeds hierdie portefeulje.

6.6 PAAIE
Otto en Johan sal hierdie portefeulje hanteer. Spoedbrekers verskuif na paragraaf 6.10

6.7 UMZAMOWETHU
Adriaan sal dit steeds hanteer.

6.8 AFVALSTORTINGSTERREIN
Adriaan en Walter sal dit bestuur.

Desmond vra uit oor die hoeveelheid sakke tuinafval. 2 Sakke
Riekie onderneem om te reël dat die munisipaliteit meer keer groot tuinafval sal oplaai. Adriaan onderneem om Christa Venter te skakel in die verband.

AKSIE: Adriaan

6.9 BIBLIOTEEK
Anita hanteer dit. Adriaan noem dat die nuwe plafon steeds belowe word.

6.10 WETSTOEPASSING
Desmond sal die portefeulje hanteer.

Hy onderneem om ’n kursus deur die Munisipaliteit te doen om as Vredesbeampte op te tree.

Spoedbrekers is baie noodsaaklik in Oesterbaai, veral voor die winkel , by die karavaanpark en in Tuna str. by die 4-rigting stopstraat.

Anita vra of ‘n groot ronde spieël nie by die hoek van die karavaanpark en Jim se huis opgerig kan word nie. Bouwen bepaal dat dit ongeveer R900 kos. Walter onderneem om met die karavaaneienaar, Christoff, te praat.

Daar kan dalk ook blokkies, of spoedbrekers opgerig word.

AKSIE: Walter, Desmond

6.11 TOERISME
Otto en Riekie hanteer hierdie portefeulje.

Otto dink aan ‘n nuwe staproete. Inligting sal later volg. Otto onderneem ook om te kyk na die toestand van die Tjokka staproete. Hy sal met Bokkie skakel om te hoor wie hou die roete oop . Daar is ook ‘n tekort aan asblikke op die roete.

Otto vra ook dat Oesterbaai meer bemark moet word, om meer mense hier te kry. Walter sê dat Oesterbaai nie gedurende Des meer mense kan hanteer nie, wel gedurende die buite-seisoen. Otto sal met Elmarie en Christoff praat oor die bemarking.

Desmond noem dat Madelein ook ’n skoonheidsafdeling vir dames beplan.

AKSIE: Otto

6.12 ALGEMENE INSTANDHOUDING
- Otto, Marius en Bouwen sal die instandhouding van Lexington laan hanteer. Walter onderneem om Lexington laan met die munisipaliteit op te neem.
- Die trappe by die rotse sal deur Otto en Marius hanteer word.
- Martiens bly verantwoordelik vir die asblikke in die strate en op die strand.
- Adriaan sal met Baba skakel oor die 3 bankies op die strand.
- Die gereedskap sal by Walter toegesluit bly.
( Daar is besluit dat die bankies slegs vakansietye op die strand sal wees )

AKSIE: Walter

6.13 KERS MARK
Riekie hanteer dit.

Martiens sê dat die mark vir die eerste keer ‘n goeie wins getoon het. Adriaan stel voor dat die OIV volgende keer weer ‘n pap- en vleis stalletjie moet kry.

6.14 BRANDWEER
Desmond sal hierdie portefeulje hanteer.

Otto vra dat Desmond moet onthou dat die Kouga werkers aan die brandkrane werk sonder kennisname.

Die 3 ekstra brandblussers staan nog in die biblioteek

7 ANDER DRINGENDE SAKE

7.1 TEWATERLATING VAN VAARTUIE

Walter verduidelik die situasie wat gedurende die vakansie ontstaan het a.g.v. ‘n boot wat te water gelaat is. Die komitee was nie bewus daarvan dat die reëls in 2020 verander is nie. Desmond sê volgens die nuwe regulasies kan enigeen ‘n permit kry.

.

Die komitee bespreek die saak. Omdat dit ‘n emosionele saak is, word daar besluit dat die OIV-komitee nie betrokke sal raak hierby nie.

Anita noem dat daar nog ‘n groot bord in Brander str. is wat dit as onwettig verklaar. Daardie bord is na 2020 daar opgerig.

Desmond stel voor dat hy ‘n klub stig. Hulle sal ‘n valhek opsit en dit beman. Mense wat nie op die strand kan kom nie, kan dan ook ‘n geleentheid kry om aangery te word. Die OIV sal nie hierby betrokke wees nie.

Martiens ondersteun hierdie idee van Desmond.

7.2 STRATEGIE VERGADERING

Hierdie vergadering sal op 23 Januarie 2024, om 13:00 by Otto se huis, plaasvind. ‘n Subkomitee sal dit bywoon en vooraf bepaal waaroor daar gepraat word. Die vergadering vind plaas met KOUGA, die Burgermeester, Munisipale bestuurder en Stadsingenieur.

8. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal na behoefte gereël word.

9. AFSLUITING

Riekie bedank almal vir hulle teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

| ---------------------- | ------------------------ | ---------------------- |
|---|---|---|
| GOEDGEKEUR VOORSITTER | DATUM | SEKRETARESSE |